

**RSG**

**Spektrum (Cobus Bester)**

06 May 09 - 13:33

5 mins 28 secs

**Suzanne Steyn:** Die Dinokeng Senarios is vanoggend in Johannesburg bekend gestel. Dit is die resultaat van strategiese gesprekke oor die land se toekoms waaraan vooraanstaande leiers uit die openbare en privaat sektor deelgeneem het. Ons praat nou met Cobus Bester, hy het die bekendstelling bygewoon. Cobus goeie middag.

**Cobus Bester:** Hallo Suzanne.

**Suzanne Steyn:** Cobus, die doel van vanmiddag se byeenkoms.

**Cobus Bester:** Die doel, wel die doel was maar basies om die bevindinge, heirdie scenarios bekend te stel. Hulle het drie scenarios wat hulle saamgestel het as gevolg van al hierdie gesprekke wat almal aan deelgeneem het. Dit is nou vandag aangebied aan die media en ander mense en die id e is dat hierdie gesprekke nou moet voortgaan. Hierdie is maar die begin.

**Suzanne Steyn:** Kan jy net vir ons agtergrond gee, die Dinokeng Senarios, wat is dit, wat behels dit?

**Cobus Bester:** Goed. Daar is drie senarios soos ek s e, en dit is saamgestel deur hierdie... dit is 35 Suid Afrikaners wat het aan hierdie gesprekke deelgeneem het van diverse agtergrond. Dit is mense in die burgerlike samelewing, die regering, verskeie politieke partye, vakbonde, sakeleiers, godsdiens groepe, akademici en selfs die media. Hulle het nou met drie scenarios voorendag gekom waar hulle s e dit is een van hierdie drie is wat in hierdie land kan of gaan gebeur, en wat wil ons nou h e moet gebeur. Nou die eerste ene is wat hulle noem die Walk Apart, of aan apart aan te stap, dit is nou die regering wat net eenvoudig aangaan en sy eie ding doen, en dit is die situasie waarmee ons op die oomblik sit, en dit is 'n negatiewe situasie, waar hulle s e die vooruitsigte is dat ernstige problem soos werkloosheid, armoede, veiligheid en sekuriteit, openbare

gesondheid en so aan gaan net vererger. En dit is nou die een scenario as dit nou so aangaan. Die ander een is waar die staat die leiding neem en ons volg en dit is ook ene waar mense nou maar net doodeenvoudig moet instem met wat die staat wil hê en ook 'n negatiewe ene waar mense maar op die ou einde ontevrede raak en ook begin in opstand kom teen die staat. Dan die finale ene en meer positiewe ene, dink ek, wat hulle noem Walk Together, waar almal van ons betrokke raak by die oplossing van problem in ons omgewing, waar mense saam met die staat en saam met ander leiers hierdie dinge doen, goeie regering verseker, goeie lewering van dienste, aktiewe burgerlike betrokkenheid by hierdie goed. Dit is die drie senarios wat nou geskep is, en nou is die hoop dat die debat van hierdie ding sal begin ontwikkel met die samewerking van die media en enigiemand anders wat belangstel om aan dit deel te neem, om dit verder te neem en te kyk of daar op daardie anier 'n positiewe toekoms vir die land beding kan word.

**Suzanne Steyn:** Het hulle ooit gepraat oor gevolge as hierdie negatiewe senario sal voortduur?

**Cobus Bester:** Ja inderdaad. Soos wat ek net-nou gesê het, met die eerste scenario is dit nou maar net dat as dit op die huidige manier voortgaan, gaan die maatskaplike stoffasie gaan begin ontrafel en die openbare vertroue in die... of die publiek se vertroue in die openbare instellings gaan begin afneem. Dit is trouens klaar besig om aft e neem. En dan gaan ander instellings of instansies buite die staat, baie van hulle miskien misdadig, instep om die gapings te vul, en dank an jy verwag dat protes aksie gaan begin toeneem, oproer en die tipe van ding. Ramphele Mamphela het dit baie duidelik gestel dat hierdie land is regtig op 'n kruispad nou en wat ons nou gaan doen gaan bepaal of die land nou gaan voortgaan en ontrafel en disintegreer en of die land op 'n positiewe nood gaan aanstap.

**Suzanne Steyn:** En het hulle planne in plek oor hoe om hierdie positiewe ding te adverteer soortvan?

**Cobus Bester:** Nee. Die ideale ding is dat die gesprekke gaan voortgaan. Die media gaan baie dekking aan hierdie goed gee, maar die idêe is ook dat hierdie mense het nie gekom en gesê hierdie is die oplossing nie, so moet julle maak nie. Die hele idêe is dat

daar 'n gesonde samewering van die burgerlike kant af moet kom, van ons almal, almal wat in die burger staan, om deel te wees van hierdie oplossing, om te praat oor hierdie goed en om bydraes te lewer.

**Suzanne Steyn:** Cobus, jy gaan more oggend op Monitor ook hieroor praat, so ek neem aan jy gaan 'n paar gaste hê en julle gaan verduidelik presies waarom dit gaan?

**Cobus Bester:** Inderdaad, ek het drie van die mense wat op die scenario spanne was, en as ek die name noem sal jy besef hoe uiteenlopend hulle was – ek het vir Kallie Kriel van Afriforum, ek het vir Antjie Krog, ek hoef nie haar voor te stel nie, en ek het 'n jong vrou met die naam Angela Coetzee wat entrepreneursontwikkeling doen, veral onder die jeug. En dit sal ons drie deelnemers more oggend wees.

**Suzanne Steyn:** Cobus baie dankie, ek is seker dit gaan 'n interessante gesprek wees. Cobus bester, hy het vanoggend die bekendstelling van die Dinokeng Senarios hier in Johannesburg bygewoon, en soos hy dan nou gesê het, more oggend, kwart oor sewe op Monitor gesels hy verder hieroor met sy drie gaste. Kallie Kriel en Antjie Krog is twee van sy drie gaste.